

# *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

## *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*



### *Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Graad 10-12*



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING**

**GRAAD 10-12**

**TOERISME**



**Departement van Basiese Onderwys**

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

**ISBN: 978-1-4315-0618-7**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

## VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
  - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
  - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.



Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**  
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**



## INHOUDSOPGAWE

<b>AFDELING 1: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGS-BELEIDSVERKLARING .....</b>	<b>3</b>
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Tydstoekening .....	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediêre Fase .....	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10–12 .....	7
<b>AFDELING 2 .....</b>	<b>8</b>
2.1 Die vak Toerisme .....	8
2.2 Spesifieke doelwitte van Toerisme .....	8
2.3 Tyndeling vir die vak Toerisme in die kurrikulum .....	8
2.4 Vereistes om die vak Toerisme aan te bied .....	9
2.4.1 Wat elke leerder moet hê .....	9
2.4.2 Aanbevelings vir die onderwyser .....	9
2.4.3 Aanbevelings vir die Toerisme klaskamer .....	9
<b>AFDELING 3 .....</b>	<b>10</b>
3.1 Oorsig van onderwerpe .....	10
3.2 Onderrigplanne.....	12
<b>AFDELING 4 .....</b>	<b>39</b>
4.1 Assessering in Toerisme.....	39
4.2 Informele assessering .....	39
4.3 Formele assessering.....	39
4.4 Tipes assessering .....	40
4.4.1 Projekte en opvoedkundige uitstappie opdragte.....	40
4.4.2 Toetse.....	41
4.4.3 Eksamens .....	42
4.4.4 Praktiese assesseringstaak (PAT) .....	42
4.5 Rekordhouding en rapportering .....	43

4.6	Bevordering .....	43
4.7	Moderering van assessering.....	43
4.8	Algemeen .....	43



## AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

## 1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
  - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
  - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
  - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
  - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
  - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;



- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelingsoor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomstes en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomstes en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
  - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
  - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
  - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
  - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
  - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
  - *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
  - *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
  - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
  - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
  - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
  - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
  - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
  - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
  - begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

## 1.4 Tydstoekening

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
<b>TOTAAL</b>	<b>23</b>	<b>23</b>	<b>25</b>

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

## 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

## 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit <b>Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)</b> van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in <b>paragraaf 28</b> van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

## AFDELING 2

### 2.1 Die vak Toerisme

Toerisme is die studie van die aktiwiteite, dienste en industrië wat 'n reiservaring aan groepe of individue bied. Dit is die studie van die verwagtinge en gedrag van toeriste, en die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsinvloed van toerisme op Suid-Afrika

Die onderstaande tabel dui die hoofonderwerpe in die Toerisme kurrikulum aan:

1	Toerisme sektore
2	Kaartwerk en toerbeplanning
3	Toerisme attraksies
4	Volhoubare en verantwoordelike toerisme
5	Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme ( <i>in en uit Suid-Afrika</i> )
6	Kultuur- en erfenistoerisme
7	Buitelandse valutaverhandeling
8	Kommunikasie en kliëntediens
9	Bemarring



### 2.2 Spesifieke doelwitte van Toerisme

In die vak Toerisme sal leerders die volgende bestudeer

- verskillende tipes toeriste en die redes waarom hulle reis;
- die verskillende toerisme sektore, met spesifieke verwysing na vervoer, akkomodasie, voedsel- en drank ondernemings, reisorganisasie en ondersteuningsdienste, en die attraksie sektor;
- kaartwerk;
- buitelandse valuta verhandelingskonsepte en die koopkrag van verskillende buitelandse geldeenhede;
- die invloed van wêreld tydsones op reis;
- Suid-Afrika en die SAOG lande as toerismebestemmings;
- wêreldbekende ikone en wêrelderfenisterreine;
- volhoubare en verantwoordelike toerisme;
- bemarring van toerisme produkte;
- tegnologie in toerisme;
- kliëntediens en die waarde van diensvoortreflikheid; en
- toerbeplanning.

### 2.3 Tydstoewysing vir die vak Toerisme in die kurrikulum

Die verpligte onderrigtyd vir Toerisme is vier ure per week. Omdat hierdie vak praktiese werk insluit wat 25% opmaak van die einde-van-die-jaar bevordering of sertifiseringspunt, moet die rooster voorsiening maak vir een dubbelperiode van 80 – 90 minute per week waartydens leerders praktiese werk kan doen.

### 2.4 Vereistes om die vak Toerisme aan te bied

#### 2.4.1 Wat elke leerder moet hê

- 'n handboek
- Graad10: 'n goeie kwaliteit kleur padkaart van Suid-Afrika, wat stede, dorpe, lughawens, hawens, ens. aandui. 'n Kaart van die plaaslike area of stad word aanbeveel.
- Graad11: 'n goeie kwaliteit kleurkaart van die SAOG lande, wat stede, dorpe, lughawens, hawens, ens. aandui
- Graad 12: 'n politieke kaart van die wêreld en 'n tydsone kaart wat die belangrikste stede van die wêreld aandui.
- toegang tot die Witskrif oor die Bevordering en Ontwikkeling van Toerisme in Suid-Afrika (1996) en die nuutste weergawe van die Toerisme Groeistrategie,
- toegang tot 'n verskeidenheid toerisme tydskrifte, brosjures, toeriste kaarte en advertensies soos hotelbrosjures, boekies en kaarte van Suid-Afrika se Nasionale Parke (SANParke)

Dit word aanbeveel dat die skool op ten minste een toerismetydskrif en /of reistydskrif inteken, om die onderwyser ingelig te hou oor nuwe ontwikkelings en die nuutste neigings in die toerismebedryf. Hierdie bronne moet beskikbaar wees in die klaskamer en nie in die biblioteek nie. Hierdie tydskrifte kan ook op die internet verkry en gelees word.

#### 2.4.2 Aanbevelings vir die onderwyser

Die onderwyser moet toegang hê tot e-pos fasiliteite en die internet. Omdat toerisme 'n dinamiese bedryf met veranderende tendense en ontwikkelings is, is dit noodsaaklik vir die onderwyser om toepaslike en nuwe inligting te vind, af te laai en uit te druk, soos vlugskedules, motorhuurpakkette, toerpakkette, ens.

#### 2.4.3 Aanbevelings vir die Toerisme klaskamer

'n Skool moet 'n permanente klaskamer vir toerisme hê, wat nie met ander onderwysers gedeel word nie.

Dit word aanbeveel dat die Toerisme klaskamer die volgende moet hê

- 'n tydskrif of brosjure staander, rakke of soortgelyke fasiliteite vir stoorplek of uitstallings;
- 'n politieke aardbol van die wêreld om onderrig van onderwerpe soos tydsone en toeriste attraksies te vergemaklik; en
- toegerus wees met audio-visuele toerusting soos 'n skootrekenaar, data projektor en DVD speler om vak- verwante CDs en DVDs te wys.

**Die Toerisme klaskamer moet beveilig word**, met deure wat kan toesluit, en met diefwering waar moontlik. Genoeg kaste moet beskikbaar wees vir die veilige bewaring van bronne.

## AFDELING 3

## 3.1 Oorsig van onderwerpe

Verwys na die onderrigplanne vir gedetailleerde inligting

Onderwerp	Graad 10	Graad 11	Graad 12
<b>Toerisme sektore</b>	<p>Inleiding tot Toerisme</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tipes toeriste en toerisprofiel</li> <li>• Die verskillende soorte vervoer</li> <li>• Akkommodasie ondernemings: fasiliteite en dienste aangebied deur elke tipe; die Suid-Afrikaanse graderingstelsel</li> <li>• Voedsel- en drank ondernemings</li> <li>• Die attraksie sektor</li> <li>• Struktuur van die Suid-Afrikaanse toerismebedryf</li> </ul>	<p>Vervoerdienste in Suid-Afrika</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lughawens, lugdienste en lughawens; tegnologie by lughawens wat reis vergemaklik</li> <li>• Toerisme bus industrie</li> <li>• Toerisme trein industrie</li> <li>• Luukse passasiersskepe</li> <li>• Motorhuur</li> </ul> <p>Werk en loopbaan geleentehede in die toerisme sektore, sub-sektore en verwante dienste</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vereistes en inherente kwaliteite benodig om in die toerisme bedryf te werk</li> <li>• Geleentehede vir entrepreneurs</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Professionele beeld van personeel in die toerisme industrie</li> <li>• Diensvoorwaardes</li> <li>• Dienskontrakte</li> <li>• Doel en waarde van 'n gedragskode</li> </ul>
<b>Kaart werk en toerbeplanning</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kaartterminologie en simbole</li> <li>• Verskillende tipes kaarte</li> <li>• Ligging van Suid-Afrika se grense, provinsies, ens. op 'n kleurkaart van Suid-Afrika</li> <li>• Ligging van Suid-Afrika en die SAOG lande, kontinente, oseane, eilandgroepe en toerismestreke op 'n kleurkaart van die wêreld</li> <li>• Afstandsaanwysers en afstandstabelle</li> </ul>	<p>Reisplan vir 'n toer</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte: toerplan, logiese toerplanning, geskeduleerde toere</li> <li>• Faktore om in ag te neem met die beplanning van 'n toersplan</li> <li>• Verskillende tipes toersplanne</li> <li>• Skryf 'n reisplan</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ligging van wêreldbekende ikone op 'n kleurkaart van die wêreld</li> <li>• Toerplanne en roete beplanning</li> <li>• Die samestelling van 'n dag-vir-dag reisplan</li> <li>• Die samestelling van 'n toer begroting</li> <li>• Gesondheid en veiligheid</li> <li>• Reis dokumentasie</li> <li>• Wêreld tydsones</li> </ul>
<b>Toerisme attraksies</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toeriste attraksies in die provinsies van Suid-Afrika</li> <li>• Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke)</li> <li>• Suid-Afrikaanse fauna en flora</li> </ul>	<p>Bekende toeriste attraksies in die SAOG lande</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wêreldbekende ikone en attraksies</li> <li>• Faktore wat bydra tot die sukses van 'n toeriste attraksie</li> </ul>
<b>Volhoubare en verantwoordelike toerisme</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Volhoubare toerisme: konsepte</li> <li>• Drie pilare van volhoubare toerisme (planeet, mense, wins)</li> <li>• Verantwoordelike toerisme: konsepte</li> <li>• Goeie omgewingspraktyke</li> <li>• Aardverwarming en die toerismebedryf</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Drie pilare van volhoubare toerisme</li> <li>• Verantwoordelike toerisme</li> <li>• Gedragskodes vir toeriste</li> <li>• Vereistes vir verantwoordelike toerisme.</li> <li>• Rolspelers in verantwoordelike en volhoubare toerisme</li> </ul>

Onderwerp	Graad 10	Graad 11	Graad 12
<b>Plaaslike, streeks en internasionale toerisme</b>	Plaaslike toerisme <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte</li> <li>• Voordele vir Suid-Afrika</li> <li>• Plaaslike toerisme statistieke</li> <li>• Betalings metodes en tegnologie vir betalings in Suid-Afrika</li> </ul>	Die Plaaslike Toerisme Groeistrategie <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die sewe binnelandse marksegmente vir toeriste volgens die Plaaslike Toerisme Groeistrategie</li> <li>• Streeks toerisme. Die SAOG lidlande</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wêreldgebeure en onvoorsiene gebeurlikhede van internasionale belang</li> <li>• Vorme van betalings wanneer internasionaal gereis word</li> <li>• Buitelandse markaandeel – statistieke met betrekking tot inkomende internasionale toerisme</li> </ul>
<b>Kultuur en erfenis toerisme</b>	Kultuur en erfenis <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte, elemente en belangrikheid van erfenis</li> <li>• Erfenisterreine</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Suid-Afrikaanse kulturele uniekheid</li> <li>• Suid-Afrikaanse erfenisliggame</li> </ul>	Wêrelderfenisterreine <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte</li> <li>• Die rol van UNESCO: logo en hoof funksie</li> <li>• Tipes Wêrelderfenisterreine: natuurlik en kultureel</li> <li>• 'n beskrywing van al die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika</li> </ul>
<b>Buitelandse valuta verhandeling</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Buitelandse valutaverhandeling en die waarde vir die Suid-Afrikaanse ekonomie</li> <li>• Omskakeling van geldeenhede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Buitelandse valutaverhandeling</li> <li>• Die konsepte sterk en swak rand</li> <li>• Valuta omskakelings</li> <li>• Onderskeid tussen bank verkoopkoers (BVK) en bank aankoopkoers (BAK)</li> <li>• Die invloed van wisselkoerse op internasionale toerisme</li> <li>• Skommelings in wisselkoerse</li> </ul>
<b>Kommunikasie en kliëntediens</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie (mondeling en skriftelike)</li> <li>• Kommunikasietegnologie (toerusting)</li> <li>• Diensvoortreflikheid: konsepte, belangrikheid, voordele, gevolge en aanbevelings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wêreld Verspreidingstelsels</li> <li>• Kliëntediens vir buitelandse toeriste</li> <li>• Kliëntklagtes</li> <li>• Bestuur van kwaliteit diens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Metodes om kliëntterugvoer te kry en meting van kliënttevredenheid</li> <li>• Redes waarom diens verskil van een organisasie na 'n ander</li> <li>• Meet van kliënttevredenheid</li> <li>• Uitwerking van die diens gelewer deur 'n organisasie op die organisasie se winsgewendheid</li> </ul>
<b>Bemaking</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bemaking van toerisme produkte, dienste en terreine</li> <li>• Faktore om in ag te neem gedurende die bemakings proses</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Promosie/advertensie tegnieke</li> <li>• Bemakingsbegroting</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bemaking van Suid-Afrika as 'n toerismebestemming</li> </ul>





### 3.2 Onderrigplanne

- Elke week/vyf-dag siklus het 'n verpligte toegekende tyd van vier ure vir die vak Toerisme. Die volume van die leerstof in 'n sekere week is 'n geraamde aanduiding van hoe lank dit sal neem om hierdie inhoud te onderrig, en sluit ander klasaktiwiteite soos informele en formele assessering, werk aan 'n projek en die praktiese assesseringstaak (PAT) in.
- Onderrigplanne is ontwikkel om voltooi te word oor 'n tydperk van vier kwartale wat bestaan uit tien weke elk. Onderwysers moet hulle werkskedules aanpas by die aantal weke in elke kwartaal volgens die skoolkalender van die spesifieke jaar
- Die onderrigplan dui die inhoud vir die vier ure van elke week/vyf-dag siklus aan, en sluit *informele assessering* en *formele assessering* (SGA) in. Die **volgorde waarin die inhoud onderrig word binne die kwartaal is nie verpligtend nie** en kan onderrig word in enige toepaslike volgorde.
- **Dit is verpligtend om die inhoud in die kwartaal aangedui, te onderrig**
- Die volgende moet deurgaans in Toerisme onderrig word, of dit aangedui word in die jaarlikse onderrigplan of nie:
  - Bewustheid van loopbaangeleenthede
  - Bewustheid van voortreflike dienslewening
  - Bewustheid van Suid-Afrika as 'n toeristebestemming



Graad 10 Kwartaal 1		Formele assessering kwartaal 1:
<b>Vier ure per week, insluitend</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>informele assessering soos skriftelike werk, nasien van huiswerk, klas toetse, gevallestudies; en</li> <li>formele assessering, soos die projek en die toets.</li> </ul>		Toets 75% Projek OF opdrag gekoppel aan 'n uitstappie 25%
Onderwerp	Inhoud	
1	<b>Toerisme sektore</b>	<b>Inleiding tot toerisme:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Wat is toerisme? Die verskil tussen inkomende en uitgaande toerisme</li> <li>Konsepte: plaaslike toerisme, streeks toerisme en internasionale toerisme</li> <li>Wat is 'n toeris?</li> <li>Waarom reis mense? (redes)</li> <li>Toeriste se behoeftes, voorkeure en verwagtinge</li> </ul>
2	<b>Toerisme sektore</b>	<b>Tipes toeriste en toeristeprofile:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Fokus op die volgende tipes toeriste: besoek vriende en familie (VFR); ontspanning; avontuur; besigheid; inkopies; gesondheid; eko; kulturele; godsdiens; sport en tydverdryf; onderwys; spesifieke belangstellings toeriste (SIT); aansporingsbonus; rugsakreis/jeugreis; gapingsjaar</li> <li>Samstelling van toeristeprofile</li> </ul>
3	<b>Toerisme sektore</b>	<b>Die verskillende soorte vervoer:</b> Die soorte vervoer met toepaslike voorbeelde: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Pad: motor, bus, pendel bus, meter taxis, minibus taxis, motorfiets</li> <li>- Lug: vliegtuie, helikopters, mikroligte vliegtuie</li> <li>- Spoor: treine, trems</li> <li>- Water: luukse passasiersskepe, gehuurde bote, seiljagte</li> <li>- Buitengewone soorte vervoer: kamele, donkiekarretjies, warmlugbalonne, fietse</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>Vergelyk die soorte vervoer (pad, lug, spoor, water) in terme van gerief, koste, veiligheid, kapasiteit, spoed, betroubaarheid</li> <li>Voordele en nadele van die verskillende soorte vervoer</li> </ul>
4	<b>Toerisme sektore</b>	<b>Verskillende tipes akkommodasie:</b> Die fasiliteite en dienste aangebied deur elke tipe <ul style="list-style-type: none"> <li>Formele diens akkommodasie: hotelle, lodges en safarigastehuse (game lodges)</li> <li>Gaste akkommodasie: safarigastehuse, gastehuse, bed-en-ontbyt (B&amp;Bs)</li> <li>Selfsorgakkommodasie: chalets, huise, kothuise, woonstelle</li> <li>Karavaanparke en kampering</li> <li>Akkommodasie en hostelle vir rugsakreisigers (backpackers)</li> </ul> <p><b>Fasiliteite:</b> waarvan die toeris gebruik kan maak, soos 'n swembad, gimnasium, geskenkwinkel</p> <p><b>Dienste:</b> wat die onderneming aan die toeris kan bied, soos wasgoed-diens, begeleide staptogte, pendeldiens, 24-uur sekuriteit</p> <b>Die Suid-Afrikaanse graderingstelsel vir akkommodasie:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Oorsig van die ster graderingstelsel in Suid-Afrika (<i>presiese vereistes vir elke tipe onderneming word nie vereis nie</i>)</li> <li>Die rol van die Toerisme Graderingsraad van Suid Afrika (TGCSA)</li> <li>Voordele van gradering vir die toeriste en die plek van akkommodasie</li> <li>Prosedure om te volg om gradeer te word</li> <li>Logos wat vertoon mag word na gradering</li> </ul>

	Onderwerp	Inhoud
5	Toerisme sektore	<p><b>Konsepte en terminologie wat in akkommodasie ondernemings gebruik word:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte: dubbelkamer, dubbelkamer met twee beddens, familiekamer, suite, dakwoning, per persoon, per persoon wat deel, en suite, ten volle inklusief, enkeltoeslag, kontinentale ontbyt, Engelse ontbyt, buffet, a la carte, kamerdiens</li> <li>• Afkortings– pp, pppd, pppn, pppd</li> </ul> <p><b>Tegnologie wat in kamers aangetref word:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Tegnologie vir vermaak:</b> fliëks/videos/DVDs op aanvraag, internet, speletjies, musiek, betaal sateliet TV kanale</li> <li>• <b>Tegnologie vir inligting:</b> interaktiewe TV vir inligting oor hotelfasiliteite, spyskaarte, nabygeleë attraksies, weervoorspellings, lees boodskappe, lees hotelrekening, wakkermaakoproep</li> <li>• <b>Tegnologie vir veiligheid:</b> elektroniese kluis, elektroniese deurslotte, elektroniese sleutelkaarte</li> <li>• <b>Tegnologie vir gerief:</b> teenwoordigheidsensors om vooraf ingestelde beligting en kamertemperatuur te beheer, mini-kroeg met elektroniese sensors om verbruik te monitor, verhitte handdoekrelings, badkamer uitsuigwaaiers, afstandsbeheerde TV/DSTV/lugreëling/gordyne</li> <li>• <b>Tegnologie vir werk:</b> interaktiewe TV vir toegang tot die internet en e-pos, internasionale multi-kragepunte/prop, HSIA (hoë-spoed internet toegang), “hotspot” internet toegang en Wi-Fi, telefoon</li> <li>• <b>Tegnologie vir omgewingsverantwoordelikheid:</b> aktiveer elektrisiteit deur die gebruik van elektroniese sleutelkaarte, digitale temperatuur-beheerde storte, energie-besparende nagligte in badkamers, teenwoordigheidsensors om ligte af te skakel</li> </ul>
6	Toerisme sektore	<p><b>Voedsel- en drankondernemings:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte: volle-diens restaurante (fynproewer restaurante en familie restaurante wat voedsel en alkohol bedien), koffiewinkels, wegneem etes/snel-diens ondernemings (deurry), sportkroeë / kroëë, nagereg- / roomyswinkels, tavernes / sjebeens, straatstalletjies / straatmarkte</li> </ul>
7	Toerisme sektore	<p><b>Die attraksie sektor:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Konsepte:</b> attraksies, attraksie subsektore soos dobbel en loterye, ontspanning, bewaring, sport en tydverdryf, feeste (events) en konferensies.</li> <li>• Tipes toeriste attraksies (konsepte: mensgemaakte- en natuurlike)</li> <li>• Primêre en sekondêre toeriste attraksies. (Voorbeeld: Die primêre attraksie was die Fifa-Wêreldbeker, maar sekondêre attraksies was besoeke aan die wildparke, museums, ens.)</li> <li>• Aktiwiteite wat aangebied word by toeriste attraksies. (Voorbeeld: Die Drakensberg is 'n natuurlike attraksie, maar die aktiwiteit vir die toeris is voetslaan, voëlkyk, ens.)</li> <li>• Koppel tipes attraksies aan die aantrekkingskrag wat dit sal hê vir sekere tipes toeriste.</li> </ul>

	Onderwerp	Inhoud
8	Toerisme sektore	<p><b>Die struktuur van die Suid-Afrikaanse toerismebedryf: (basiese kennis)</b></p> <p>Toerisme is 'n vennootskap tussen die openbare sektor, privaat sektor en gemeenskappe wat woon in die gebiede waar toerisme plaasvind.</p> <p><b>Die openbare sektor (regering):</b> Die openbare sektor sluit die regering op nasionale, provinsiale, distriks- en plaaslike vlakke in.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale Departement van Toerisme (NDT) <ul style="list-style-type: none"> <li>- Provinsiale Toerisme departemente</li> <li>- Provinsiale toerismeowerhede</li> <li>- Streeksbestemming bemarkingorganisasies (DMOS)</li> <li>- Distriksmunisipaliteite / Metro / munisipale (DMOS)</li> <li>- Plaaslike Toerisme-organisasies (LTOs)</li> </ul> </li> <li>• Ander regeringsdepartemente: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Departement van Binnelandse Sake (vir paspoortaansoeke)</li> <li>- Internasionale Betrekkinge en Samewerking (visumaansoeke en noodbystand in die buiteland by konsulate en ambassades)</li> <li>- Statistieke SA (vir statistiese inligting)</li> <li>- Departement van Handel en Nywerheid, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling (KMMO ontwikkeling)</li> <li>- Departement van Sport en Ontspanning (gebeure) "events"</li> <li>- Departement van Vervoer (Passassier Spoor Agentskap van Suid-Afrika)</li> </ul> </li> <li>• Ondernemings in staatsbesit (semi-staatsinstellings): SA Lugdiens, SA Express Lugdiens</li> <li>• Agentskappe wat gedeeltelik in staatsbesit is: Tourism Enterprise Partnership (TEP)</li> <li>• Openbare entiteite ("agentskappe"), soos SAToerisme, SANParke, Kultuur, Kunste, Toerisme, Gasvryheid en Sport Onderwys en Opleidingsowerheid (CATHSSETA), Nasionale Dobbelaar, Airports Company South Africa (ACSA), SA Heritage Resources Agency (SAHRA)</li> </ul>

	Onderwerp	Inhoud
9	<b>Toerisme sektore</b>	<p><b>Privaat sektor (basiese kennis)</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Toerisme <b>produkteienaars</b> soos toeroperateurs, reisagente, konferensie-organiseerders, reispublikasies, reisversekeringsmaatskappye, aandenkingswinkels, restaurante of enige ander besigheid wat 'n wins maak uit toerisme</li> <li>• <b>Plaaslike gemeenskappe:</b> deel in werkskepping, ontwikkeling, beter paaie en skole</li> <li>• Suid-Afrikaanse nie-regeringsorganisasies (NROs), gemeenskap-gebaseerde organisasies (GBO's), toerisme besighede en professionele verenigings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- (Die logo, hoof funksie en belangrikste diens wat deur elk gebied word)</li> <li>- TBCSA: Toerisme Besigheidsraad van Suid-Afrika (Tourism Business Council of South Africa)</li> <li>- TGCSA: Toerisme Graderingsraad van Suid-Afrika (Tourism Grading Council of South Africa)</li> <li>- FT TSA: Billike Handel in Toerisme Suid-Afrika (Fair Trade in Tourism)</li> <li>- SATSA: Suid-Afrikaanse Toerisme Dienste Vereniging (South African Tourism Services Council)</li> <li>- FEDHASA: Federale Gasvryheidsvereniging van Suid-Afrika (Federated Hospitality Association of South Africa)</li> <li>- ASATA: Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagente (Association of South African Travel agents)</li> <li>- SAACI: Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Konferensieïndustrie (Southern African Association for the Conference Industry)</li> <li>- SAVRALA: Die Suider-Afrikaanse Voertuig Verhuring en Bruikhuur Vereniging (South African Vehicle Renting and Leasing Association)</li> <li>- SAYTC: Suid-Afrika Jeug Reis Konfederasie (South African Youth Travel Confederation)</li> </ul> </li> <li>• <b>Die internasionale gemeenskap</b>, bv. WTO (World Tourism Organisation), WTTC (World Travel and Tourism Council), SADC (Southern African Development Community), WWF (World Wide Fund for Nature)</li> </ul>
4	<b>Toerisme sektore</b>	<p><b>Werk en loopbaan geleenthede in die toerisme sektore, subsektore en verwante dienste:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vervoer, gasvryheid (akkommodasie en voedsel), toerisme attraksies (doppel en loterye, ontspanning, bewaring, sport en tydverdryf), gebeure (events) en konferensies, toerisme dienste, reis handel sektore</li> </ul>
5	<b>Toerisme sektore</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vereistes en inherente kwaliteite (persoonlike karaktereenskappe) om in 'n sekere sektor van die toerismebedryf te werk. 'n Leerder moet enige toerisme sektor kies, of 'n loopbaan in enige toerisme sektor, om volgens sy/haar eie belangstelling te bestudeer.</li> <li>• Persoonlikheidstipes, karaktereenskappe en noodsaaklike vaardighede</li> </ul>
6	<b>Toerisme sektore</b>	<p><b>Entrepreneursgeleenthede in toerisme:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die konsep entrepreneur</li> <li>• Vaardighede benodig om 'n entrepreneur te wees</li> <li>• Identifikasie van produkte of dienste wat geskik is vir entrepreneurs-geleenthede</li> <li>• Geleenthede om jou eie toerisme besigheid te begin</li> </ul>
7		Hersienings- en vasleggingsaktiwiteite in die klas om die leerders se begrip van leermateriaal te assesser. Voorbeelde van aktiwiteite kan insluit 'n klasvasvra, speletjies, kort toetse, deur breinkaarte te teken, klaskompetisies, vorige vraestelle uitwerk, ens.
8-10		<b>Einde-van-die-jaar eksamens</b>

SGA 25%		PAT 25%		EKSAMEN 50%	
Kwartaal 1	100	Praktiese assesseringstaak 1	50	Skriftelike eksamen	200
Kwartaal 2	100	Praktiese assesseringstaak 2	50		
Kwartaal 3	100				
300 verwerk na	100		100		200
<b>Totale punt: <math>100 + 100 + 200 = 400 \div 4 = 100</math></b>					



Graad 12 kwartaal 1		Formele assessering kwartaal 1																					
<b>Vier ure per week, insluitend</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>informele assessering soos skriftelike werk, nasien van huiswerk, klastoetse; en</li> <li>formele assessering, soos bystand met die projek en die skryf van die toets.</li> </ul>		Toets 75% Projek 25%																					
Onderwerp	Inhoud																						
1	<b>Plaaslike, streeks en internasionale toerisme</b>	<b>Wêreldgebeure van internasionale belang:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Konsep: Wêreldgebeurtenis               <ul style="list-style-type: none"> <li>Sportbyeenkomste: 2010 FIFA Wêreldbeker, Wimbledon, Comrades, Tour de France, die Olimpiese Spele.</li> <li>Ander gebeure: G8 Beraad, berade oor klimaatsverandering (moet as voorbeelde genoem kan word, moenie die gebeurtenis as sulks bestudeer nie).</li> </ul> </li> <li>Die positiewe en negatiewe uitwerking van wêreldgebeure op internasionale toerisme</li> <li>Die uitwerking van die aanbod van 'n wêreldgebeurtenis op               <ul style="list-style-type: none"> <li>plaaslike toerisme in die gasheerland</li> <li>die ekonomie van die gasheerland</li> </ul> </li> <li>Die voordele en nadele vir die gasheerland (binne 'n toerisme konteks): ontwikkeling van infrastruktuur, beleggings, buitelandse valuta inkomste, die vermenigvuldiger effek</li> </ul> <i>Bronne: Onlangse inligting moet verkry word van die media.</i>																					
2	<b>Plaaslike, streeks en internasionale toerisme</b>	<b>Politieke situasies en onvoorsiene gebeure van internasionale belang:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Konsepte: politieke situasie en onvoorsiene gebeure</li> <li>Voorbeelde van onlangse politieke situasies, soos burgeroorlog, terrorisme, algemene onluste</li> <li>Voorbeelde van onvoorsiene gebeure soos tsunamis, aardbewings en ander natuurlike rampe, die wêreld resessie, siektes, ongelukke en ekonomiese skommelings.</li> </ul> <i>(Identifiseer onlangse voorbeelde; moenie die politieke situasies en onvoorsiene gebeure as sulks bestudeer nie).</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die uitwerking van hierdie situasies en gebeurlikhede op internasionale toerisme en die ekonomie van die betrokke land.</li> </ul> <i>Bronne: Onlangse inligting moet verkry word van die media.</i>																					
3	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<b>Toerplanne en roetebeplanning:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel toerplanne wat by spesifieke toeristeprofile, beskikbare begroting en tyd sal pas.</li> <li>Roetebeplanning</li> </ul>																					
4	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Keuse van vervoer en akkommodasie om by die kliënte se behoeftes en voorkeure te pas</li> <li>Keuse van attraksies en aktiwiteite om by die toeris se profiel te pas</li> </ul> <i>Bronne: 'n Kleur padkaart van Suid-Afrika en die SAOG lande, brosjures van akkommodasie en toeriste attraksies, internet</i>																					
5	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<b>Die samestelling van 'n dag-vir-dag toerplan:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die hoofaspekte van 'n toerplan (beskrywing van vervoer, akkommodasie, attraksies en aktiwiteite, insluitend stilhoutye vir etes)</li> <li>Faktore om in ag te neem wanneer 'n toerplan saamgestel word (fokus op logiese beplanning)</li> <li>Samestelling van toerplanne volgens verskillende scenarios</li> </ul> Voorbeeld: <table border="1" data-bbox="432 1816 1441 1962"> <thead> <tr> <th>Dag</th> <th>Tyd*</th> <th>Vervoer</th> <th>Akkommodasie</th> <th>Attraksies</th> <th>Aktiwiteite</th> <th>Begroting</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> </tr> <tr> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> <td> </td> </tr> </tbody> </table> (* tye mag ingesluit word, maar die belangrikste fokus moet wees op die logiese verspreiding, verskeidenheid en toepaslikheid van aktiwiteite)	Dag	Tyd*	Vervoer	Akkommodasie	Attraksies	Aktiwiteite	Begroting														
Dag	Tyd*	Vervoer	Akkommodasie	Attraksies	Aktiwiteite	Begroting																	

	Onderwerp	Inhoud
6	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<p><b>Die samestelling van 'n toerbegroting:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Faktore wat 'n invloed het op die ontwikkeling van 'n begroting</li> <li>• Ontwikkel 'n basiese toerbegroting. Dui uitgawes aan vir reis, akkommodasie, etes, besoeke aan toeriste attraksies, inkopies en footjies.</li> </ul>
7	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<p><b>Gesondheid</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte: Wêreld Gesondheid Organisasie (WHO), gesondheidsertifikate, reisklinieke, verpligte en aanbevole inentings.</li> <li>• Voorsorgmaatreëls wat getref moet word wanneer na hoë risiko bestemmings gereis word (malaria, bilharzia, cholera areas).</li> <li>• Inentings wat benodig word om hoë risiko areas binne te gaan of te verlaat, soos geelkoors en hepatites.</li> <li>• Tuberkulose en HIV/Vigs risikos vir inkomende toeriste</li> <li>• Gesondheidsvoorsorgmaatreëls wat aanbeveel word vir toeriste wat areas besoek met 'n gesondheidsrisiko, soos gebottelde water, sonskerm, voorkomende medikasie</li> </ul> <p><b>Veiligheid</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Redes waarom die veiligheid van toeriste in Suid-Afrika belangrik is.</li> <li>• Algemene veiligheidsvoorsorgmaatreëls vir toeriste: in die motor, in openbare areas / straat, in hotelkamer, by die lughawe, na donker</li> </ul>
8	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<p><b>Reisdokumentasie:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Reisdokumente wat benodig word wanneer na 'n gegewe land gereis word, geldige paspoort, visa en gesondheidsertifikaat (cholera en geelkoors). Vereistes vir toeriste wat tussen lande reis.</li> <li>• Hoe om 'n internasionale rybewys te verkry</li> <li>• Paspoort: vereistes om 'n paspoort te kry, voltooiing van 'n aansoekvorm</li> <li>• Visum: vereistes vir om 'n visum te kry, voltooiing van 'n aansoekvorm</li> <li>• Konsepte: belastingvrye goedere, verbode goedere, groen kanaal, rooi kanaal, om te verklaar, reistoelaes</li> <li>• Doeane regulasies wanneer uit Suid-Afrika vertrek word of teruggekeer word. Toegang tot en die interpretasie van doeane inligting.</li> </ul> <p><i>Bronne: Die GSA Reisagente se Verkoopsgids, die internet</i></p>
9	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<p><b>Wêreld tydsones:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte: tydsone, UTC, Greenwich, halffrontes, ewenaar en seisoene, standaard tyd, plaaslike tyd, die internasionale datumlyn, die 24-uur horlosie (00:00 – 23:59), breedte- en lengte-lyne</li> <li>• Inleiding tot 'n wêreld tydsonekaart</li> <li>• Konsep: Dagligbesparingstyd (DBT). Redes vir hierdie praktyk</li> <li>• Die uitwerking van tydsone en dagligbesparing op reisbeplanning en reis</li> </ul>
10	<b>Kaartwerk en toer beplanning</b>	<p><b>Berekenings van wêreldtye wanneer tussen lande gereis word:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Berekenings om aankoms en vertrektyd te bepaal met en sonder DBT en vliegtyd (<i>'n tydsonekaart moet voorsien word. Daar word nie van leerders vereis om te weet watter lande pas DBT toe nie.</i>)</li> <li>• Konsepte: vlugvoosheid en vluguitputting. Simptome van vlugvoosheid. Hoe om die uitwerking van vlugvoosheid te beperk en te verminder.</li> </ul>

Onderwerp	Inhoud
<b>Voorstelle vir projek in kwartaal 1</b>	<p>Kies een van die volgende temas:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Kies 'n huidige wêreldgebeurtenis, 'n politieke situasie of enige onvoorsiene gebeurlikheid, en bespreek toerisme-verwante kwessies soos die invloed op toerisme, die ekonomie van daardie land, ens.</li><li>• Stel 'n volledige visum aansoekpakket saam vir 'n SA skoolverlater wat London wil besoek vir 'n drie-maande vakansie.</li><li>• Onderneem 'n kliënte tevredenheidsopname vir 'n toerisme-verwante besigheid in jou dorp. Ontwerp die opname vraelys. Ontleed die bevindings en skryf 'n verslag vir die eienaar van die besigheid.</li><li>• Ontwerp 'n PowerPoint-aanbieding om in die klas te wys oor wêreld tydsones.</li><li>• Opdrag gekoppel aan opvoedkundige uitstappie. Kies 'n attraksie, onderneming of bestemming gekoppel aan die Graad 12 kurrikulum.</li></ul>



Graad 12 kwartaal 2		Formele assessering kwartaal 2:
<b>Vier ure per week insluitend</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>informele assessering soos skriftelike werk, nasien van huiswerk, klastoetse;</li> <li>formele assessering: toets en halfjaareksamen; en</li> <li>werk aan die PAT.</li> </ul>		Toets 25% Halfjaareksamen 75% <u>PAT kwartaal 2:</u> Handig fase 1 in.
	Onderwerp	Inhoud
1	<b>Toeriste besienswaardighede</b>	<b>Bekende wêreld ikone en attraksies: (*Wêrelderfenisterreine)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die verskil tussen 'n toeriste attraksie en 'n ikoon</li> <li>Redes waarom spesifieke toerisme attraksies en/of fisiese kenmerke beskou word as ikone. Die ekonomiese belang van ikone vir 'n land/gebied</li> <li>Profiel en statistieke van toeriste wat hierdie ikone besoek</li> </ul> Bestudeer die onderstaande ikone onder die volgende opskrifte: ligging op 'n wêreldkaart (land, stad/dorp/gebied), rede(-s) waarom dit 'n ikoon is, kort beskrywing van die ikoon, prent van die ikoon. <ul style="list-style-type: none"> <li>Australië: Sydney Operahuis*, Ayers Rock / Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park*</li> <li>Brasilië: Die Standbeeld van Christus die Verlosser of die Corcovado (Rio de Janeiro)</li> <li>Kanada: Niagara Watervalle</li> <li>Italië: Colosseum* (Rome), Leunende Toring van Pisa (Piazza del uomo)*, Venisië*, Vatikaanstad</li> </ul>
2	<b>Toeriste besienswaardighede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Egipte: *Die groot piramides van Giza, die Sfinks</li> <li>Duitsland: Berlynse Muur, Swartwoud</li> <li>China: Die Groot Muur van China*</li> <li>Israel: Die Koepel van die Rots, die Klaagmuur</li> <li>Griekeland: Die Parthenon (Athene)</li> <li>Indië: Die Taj Mahal* (Agra)</li> <li>Turkye: Blou Moskee (Istanbul)</li> </ul>
3	<b>Toeriste besienswaardighede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Frankryk: Die Eiffel-toring, die Franse Riviera</li> <li>Japan: Berg Fuji</li> <li>Meksiko: Chichen Itza (Yucatan) *</li> <li>Jordanië: Petra *</li> <li>Nepal: Berg Everest</li> <li>Saoedi-Arabië: Mekka</li> <li>Switserland: Die Switserse Alpe (Jungfrau-Aletsch) *</li> <li>Nederland: Windmeulens</li> <li>Peru: Machu Picchu * (Cuzcu)</li> <li>Pole: Auschwitz *</li> </ul>
4	<b>Toeriste besienswaardighede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Portugal: Die Algarve</li> <li>Spanje: Alcazar van Segovia, stiergevegte</li> <li>Thailand: Drywende markte</li> <li>Rusland: Die Kremlin *, Die Rooi Plein * (Moskou)</li> <li>Verenigde Koninkryk: * Big Ben (Westminster paleis *), Buckingham paleis, die toring van Londen *, London Brug.</li> <li>Verenigde State van Amerika: Die Vryheidstandbeeld* (New York), Die Grand Canyon * (Arizona)</li> </ul>

	Onderwerp	Inhoud
5	<b>Toeriste besienswaardighede</b>	<p><b>Faktore wat bydra tot die sukses van 'n toeriste attraksie:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekende bemarking van toerismeprodukte plaaslik en / of internasionaal, volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne, doeltreffendheid en etiese optrede van personeel en bestuur, positiewe ervarings van besoekers, veiligheid en misdaadvoorkoming, algemene voorkoms en instandhouding van die attraksie, die oorweging van die behoeftes van mense met gestremdhede, universele toegang</li> <li>• Kenmerke van 'n suksesvolle toeriste attraksie: die werklike aantal besoekers oorskry die teikengetal besoekers, herhaalde besoeke, inkomste oorskry teikenbedrae, positiewe uitwerking op plaaslike gemeenskap en omgewing</li> </ul>
6	<b>Buitelandse valuta verhandeling</b>	<p><b>Buitelandse valutaverhandeling</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die term "Bruto Binnelandse Produkt" (BBP) en die voordele daarvan vir die Suid-Afrikaanse ekonomie</li> <li>• Die vermenigvuldiger effek en skakel met die BBP</li> <li>• Die konsep "sterk" en "swak" rand</li> <li>• Die relatiewe sterkte en relatiewe swakheid van 'n valuta tydens spesifieke tye</li> <li>• Interpreteer 'n wisselkoers bladsy</li> <li>• Skakel die belangrikste geldeenhede om in Suid-Afrikaanse Rand en skakel Suid-Afrikaanse Rand om in geselekteerde geldeenhede om die koopkrag van verskillende geldeenhede te verstaan. (Gebruik slegs wisselkoerse uitgedruk as 1 eenheid van 'n buitelandse valuta = waarde in rand, d.w.s 1VSD = R 7,60. Sakrekenaars mag gebruik word vir bewerkings - afgerond tot twee desimale, bv. R34,56.)</li> </ul>
7	<b>Buitelandse valuta verhandeling</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onderskei tussen bank verkoopkoers (BVK) en bank aankoopkoers (BAK)</li> <li>• Die invloed van wisselkoerse op internasionale toerisme, invloed op beide inkomende en uitgaande toeriste, en hoe dit reispatrone van Suid-Afrikaners beïnvloed wat na ontwikkelende lande sowel as ontwikkelde lande reis.</li> <li>• Skommelings in wisselkoerse</li> </ul>
8 - 10		<b>Halfjaareksamens</b>



Graad 12 kwartaal 3		Formele assessering kwartaal 3
<b>Vier ure per week, insluitend</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>informele assessering soos skriftelike werk, nasien van huiswerk, klastoetse;</li> <li>formele assessering: toets/oopboektoets; en</li> <li>werk aan die PAT.</li> </ul>		Toets/oopboek toets      25% Rekord eksamen            75% <u>PAT kwartaal 3:</u> Handig fase 2 in.
	Onderwerp	Inhoud
1	<b>Plaaslike, streeks en internasionale toerisme</b>	<b>Vorme van betalings op internasionale reise:</b> Konsepte <ul style="list-style-type: none"> <li>Elektroniese fondsoordragte (EFT)</li> <li>Telegrafiese oorplasinge (SWIFT oordragte)</li> <li>Bankontrekkings</li> <li>Internetbetalings</li> <li>Buitelandse banknote (kontant)</li> <li>Kredietkaarte (Visa, MasterCard, American Express, Diners Club)</li> <li>Reisigerstjeks</li> <li>Voorafgelaaiide buitelandse valuta debietkaarte soos <i>Cash Passport / Travel Wallet / International Travel card</i></li> </ul> Voordele en nadele van elke vorm van betaling
2	<b>Plaaslike, streeks en internasionale toerisme</b>	<b>Buitelandse markaandeel - statistieke met betrekking tot inkomende internasionale toerisme:</b> Interpretasie van statistieke met verwysing na: <ul style="list-style-type: none"> <li><b>buitelandse aankomste</b> na Suid-Afrika (land- en lugreis markte) en hoe aankomsstatistieke buitelandse markaandeel kan bepaal;</li> <li><b>provinsies</b> in Suid-Afrika wat die <b>meeste besoek</b> word;</li> <li><b>duur van verblyf</b> in elke provinsie;</li> <li>gemiddelde <b>besteding</b> per toeris, en</li> <li><b>aktiwiteite</b> onderneem terwyl in Suid-Afrika.</li> </ul> <i>Bronne: Internet, StatsSA, Suid-Afrikaanse Toerisme (jaarlikse toerisme verslae), reisjoernale en tydskrifte, provinsiale toerisme-owerhede</i>
3	<b>Bemaking</b>	<b>Die bemaking van Suid-Afrika as 'n toerismebestemming:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die belangrikheid om Suid-Afrika internasionaal te bemark               <ul style="list-style-type: none"> <li>toename in jaarlikse volume van buitelandse aankomste na SA</li> <li>toename in internasionale bewustheid van Suid-Afrika as 'n toeriste bestemming</li> </ul> </li> <li>Die kernfunksies van SAToerisme:               <ul style="list-style-type: none"> <li>Bemaking van Suid-Afrika internasionaal as 'n voorkeur toerismebestemming</li> <li>Handhaaf en verbeter die standaard van fasiliteite en dienste vir toeriste</li> <li>Koördineer die bemakingsaktiwiteite van rolspelers in die bedryf</li> </ul> </li> <li>Geleenthede om SA internasionaal te bemark: ITB (Berlyn); World Travel Market (Londen)</li> <li>Befondsing van SAToerisme se internasionale bemakingsinisiatiewe: Die rol van Toerisme Bemaking Heffing Suid-Afrika (TOMSA)</li> <li>Die konsep: handelsmerk - Suid-Afrika se handelsmerk logo</li> <li>Bekendstelling aan die Toerisme Indaba Reis Handelskou, en die Getaway skou as geleenthede om Suid-Afrika en die Suider Afrikaanse streek aan die wêreld te bemark</li> </ul> <i>Bronne: Internet, StatsSA, Suid-Afrikaanse Toerisme, reisjoernale en tydskrifte, vlugtydskrifte</i>

	Onderwerp	Inhoud
4	<b>Volhoubare en verantwoordelike toerisme</b>	<p><b>Die drie pilare van volhoubare toerisme (mense, wins, planeet)</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep en agtergrond van die driedubbele slotreël</li> <li>• <b>Omgewing (planeet):</b> Goeie omgewingspraktyke, soos bestuur van bronne (energie en water), afvalbestuur (verminder, hergebruik, herwin), rommelbeheer, besoedelingsbeheer, omgewingsvriendelike bouwerk, bevordering van inheemse flora en beheer van uitheemse indringerplante in gronde en tuine.</li> <li>• <b>Ekonomie (wins):</b> Die rol van besigheid. Die verantwoordelike ingesteldheid van 'n toerisme besigheid teenoor die mense en omgewing wat dit raak. Maniere om dit te beoefen: eienaarskap, indiensneming, verkryging van plaaslike goedere en dienste, ens.</li> <li>• <b>Maatskaplik (mense):</b> Neem die positiewe en negatiewe gevolge van toerisme op plaaslike gemeenskappe, kultuur en erfenis in ag. Korporatiewe maatskaplike belegging (CSI) in toerisme, soos finansiële of nie-finansiële ondersteuning deur toerisme maatskappye aan gesondheid / sport / onderwys / jeugprojekte</li> </ul>
5	<b>Volhoubare en verantwoordelike toerisme</b>	<p><b>Verantwoordelike toerisme en toeriste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gedragskodes vir toeriste-optrede (maatskaplike, ekonomiese en omgewings)</li> <li>• Hoe kan 'n toerismedestemming omgewingsbewuste toeriste (mense, planeet, wins) lok?</li> <li>• Die bydrae van FTTSA om verantwoordelike en volhoubare praktyke aan te moedig.</li> <li>• Maak gebruik van gevallestudies van maatskappye wat die drie dubbele slotreël benadering volg.</li> </ul> <p><i>Bronne: voorbeelde van maatskappy inisiatiewe van die internet en gedrukte media. Inligtingsbronne oor verantwoordelike toerisme (bv. Verantwoordelike Toerisme Handboek, FTTSA webtuiste, Gauteng Verantwoordelike Toerisme Handboek, ens.)</i></p>
6	<b>Kultuur en erfenis</b>	<p><b>Wêrelderfenisterreine:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep: Wêrelderfenisterrein</li> <li>• Die rol van UNESCO: logo en hoof funksie</li> <li>• Tipes Wêrelderfenisterreine: natuurlike en kulturele Wêrelderfenisterreine (<i>verwys na terreine wat onder "attraksies" in kwartaal 2 bestudeer is</i>)</li> <li>• 'n Beskrywing van al die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika, hulle ligging op 'n kaart van Suid-Afrika, en hoe hulle aan UNESCO se kriteria voldoen. Gebruik die nuutste inligting.</li> <li>• Die waarde van die Wêrelderfenisterreine vir Suid-Afrika se toerismeïndustrie</li> </ul>
7	<b>Kommunikasie en kliëntediens</b>	<p><b>Metodes om kliëntetereugvoer te verkry en meting van kliëntetevredenheid:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep: Kliëntetereugvoer</li> <li>• Doel van verkryging van kliëntetereugvoer</li> <li>• Metodes om kliëntetereugvoer te verkry, soos opnames, vraelyste, terugvoerkaarte, opvolg oproepe, SMS boodskappe op selfone, web-gebaseerde antwoorde.</li> <li>• Hoe om terugvoer te ontleed: bestudeer en lees die terugvoerdata in om die omvang van kliëntetevredenheid te bepaal. Identifiseer die mees algemene klagtes. Besluit op 'n plan van aksie. Begin die intervensie proses.</li> <li>• Die uitwerking van die diens gelewer deur 'n organisasie op sy besigheids winsgewendheid</li> </ul>
8 - 10		<b>Rekord eksamens</b>

## Graad 12 kwartaal 4

## Vier ure per week, insluitend

- informele assessering soos skriftelike werk, nasien van huiswerk, klastoetse, gevalllestudies, hersiening; en
- oorsig- en vasleggingsaktiwiteite.

	Onderwerp	Inhoud
1	Toerisme sektore	<p><b>Professionele beeld in die toerisme bedryf:</b></p> <p>Hoe die volgende faktore bydra tot 'n professionele beeld in die toerisme bedryf</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die beeld van die maatskappy soos die naam, logo, slagspreuk, webtuiste, skryfbehoeftes, bemarkingsmateriaal, produk verpakking, fisiese voorkoms van die besigheid, omgewingsbeleid, kliëntediens beleid</li> <li>• Die beeld van die personeel soos professionele voorkoms, uniforms, kleredragreëls (as geen uniforms gedra word nie), persoonlike higiëne, versorging, interaksie met kliënte, kommunikasievaardighede</li> </ul>
2	Toerisme sektore	<p><b>Diensvoorwaardes:</b></p> <p>Basiese diensvoorwaardes in <b>een</b> gekose veld van die toerismebedryf, soos lugdienste of hotelle of nasionale parke</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die dienskontrak wat basiese diensvoorwaardes beskryf, soos werksure, uniform toelaes, reisvoordele, verlof, pligte, byvoordele, besoldiging en aftrekkings, beeëndiging van diens, professionele verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid, etiek.</li> </ul> <p><i>Bronne: Verwys na die Department van Arbeid: Wet op Basiese Diensvoorwaardes (<a href="http://www.labour.gov.za">www.labour.gov.za</a>) vir diensvoorwaardes.</i></p>
3	Toerisme sektore	<p><b>Die doel en waarde van 'n gedragskode:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Doel: omskryf wat van personeel verwag word in die uitvoering van hulle pligte, riglyne aan personeel met betrekking tot etiese uitdagings.</li> <li>• Waarde: dit skep 'n atmosfeer van samewerking en samehorigheid, en bevorder integriteit in die werksplek.</li> </ul> <p><i>Bestudeer voorbeelde van gedragskodes van 'n verskeidenheid toerisme besighede.</i></p>
4 - 7		Hersienings- en vasleggingsaktiwiteite in die klas om die leerders se begrip van leermateriaal te assesser. Voorbeelde van aktiwiteite kan insluit 'n klas vasvra, speletjies, kort toetse, deur breinkaarte te teken, klaskompetisies, vorige vraestelle uitwerk, ens.
8 - 10		<b>Einde-van-die-jaar eksamens</b>

SGA 25%		PAT 25%		EKSAMEN 50%	
Kwartaal 1	100	Praktiese assesseringstaak 1	50	Skriftelik eksamen	200
Kwartaal 2	100	Praktiese assesseringstaak 2	50		
Kwartaal 3	100				
300 verwerk na 100		100		200	
<b>Totale punt: <math>100 + 100 + 200 = 400 \div 4 = 100</math></b>					

## AFDELING 4

### 4.1 Assessering in Toerisme

Assessering bestaan uit twee verskillende maar verwante aktiwiteite: informele assessering en formele assessering.

### 4.2 Informele assessering

- Die informele assesseringstake is die beplande onderrig en leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind. Die vordering van leerders moet gemonitor word gedurende leeraktiwiteite. Hierdie informele monitering van vordering kan gedoen word deur middel van vrae en antwoorde, kort aktiwiteite / skriftelike werk gedurende die les, oopboektoetse en huiswerkoefeninge oor byvoorbeeld kaartwerk, bewerkings met tydsones, buitelandse valutaverhandeling en toerbegrotings. Informele assessering moet nie apart gesien word van leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind nie.
- Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake nasien. Self-assessering en-maatassessering betrek die leerders aktief in assessering. Dit is belangrik omdat dit leerders die geleentheid gee om van mekaar te leer en hulle eie prestasie in oënskou te neem.
- Die resultate van informele assesseringstake word nie formeel aangeteken nie, tensy die onderwyser dit wil doen. In sulke gevalle kan 'n eenvoudige kontrolelys gebruik word om hierdie assessering aan te teken. Onderwysers mag die leerders se prestasie in hierdie assesseringstake gebruik om mondelinge en skriftelike terugvoer aan leerders, die skool bestuursspan en ouers te verskaf. Dit is veral van belang indien struikelblokke in vordering of swak vlakke van deelname ondervind word.
- Die resultate van informele assesseringstake word nie in ag geneem vir bevordering en sertifisering nie.

### 4.3 Formele assessering

- Vir die vak Toerisme word ses formele assesseringstake per jaar vereis. Hierdie ses take word gedurende die skooljaar voltooi en maak 25% uit van die totale punte vir Toerisme.
- In Graad 10 en 11 word alle assessering intern gedoen.
- In Graad 12 word die formele assessering (25%) intern opgestel en gemerk, maar ekstern gemodereer.
- Die einde-van-die-jaar assessering (75%) in Graad 12 word ekstern opgestel, nagesien en gemodereer.
- Die einde-van-die-jaar assesseringskomponent vir alle grade bestaan uit twee dele: 'n Praktiese Assesseringstaak (PAT) (25%) en 'n skriftelike teorievraestel (50%). Saam vorm hierdie twee komponente die einde-van-die-jaar eksamenpunt (75%).

Formele assessering Graad 10 en 11							
Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4: Bevorderingspunt	
Toets	75%	Toets	25%	Toets	75%	SGA = Kwartaal 1+2+3 = 300÷3 = 100	
Projek	25%	Halfjaareksamen	75%	Toets/oopboek toets	25%	PAT 1 + 2 = 50X2 = 100	
						Eksamen vraestel = 200	
<b>100</b>		<b>100</b>		<b>100</b>		<b>400÷4= 100</b>	

Formele assessering Graad 12							
Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4: Bevorderingspunt	
Toets	75%	Toets	25%	Toets	25%	Kwartaal 1+2+3 = 300÷3 = 100	
Projek	25%	*Halfjaareksamen	75%	*Rekordeksamen	75%	PAT 1 + 2 = 200÷2 = 100	
						Eksamen vraestel = 200	
<b>100</b>		<b>100</b>		<b>100</b>		<b>400÷4= 100</b>	

\* In Graad 12 is slegs een interne eksamen verpligtend. Skole kan dus

- beide eksamens skryf; of
- een van die eksamens met 'n toets vervang aan die einde van die kwartaal. Hierdie toets sal dieselfde gewig as die eksamen dra, en moet 'n aansienlike hoeveelheid werk dek.

#### 4.4 Tipes assessering

##### 4.4.1 Projekte en opdragte gekoppel aan 'n opvoedkundige uitstappie

Leerders in alle grade moet 'n projek **OF** 'n uitstappie opdrag in kwartaal 1 doen.

##### Projekte

Voorgestelde onderwerpe is ingesluit in die onderrigplanne van kwartaal 1.

##### 'n Projek vereis dat leerders

- beplanning / voorbereiding / ondersoek / navorsing doen;
- die taak uitvoer / instruksies volg volgens kriteria wat gegee is;
- 'n produk soos 'n artikel, toerplan, inligtingsbrosjyre, ens produseer en
- geleentheid gegee word vir innovasie en kreatiwiteit, en moet tot 'n sekere mate "oop" wees.

##### Wanneer 'n projek opgestel word, moet die onderwyser

- die inhoud / vaardighede / kennis wat aangespreek moet word, bepaal;
- onderwerpe kies wat nie maklik in 'n toets of eksamen geassesseer kan word nie
- duidelike kriteria stel en goeie instruksies gee wat die leerder sal lei (die leerder moet presies weet wat om te doen en wat verwag word) ;

- die omvang hanteerbaar hou;
- bepaal watter bronne benodig sal word om die projek te voltooi (verseker dat leerders toegang tot hierdie bronne het.);
- bepaal die tydraamwerk / duur / die inhandigingsdatum, en
- bepaal die punteverspreiding en stel 'n assesseringsinstrument op.

### **'n Opdrag gekoppel aan 'n opvoedkundige uitstappie**

'n Opvoedkundige uitstappie vereis deeglike beplanning deur die onderwyser en die skool.

#### **Vooraf voorbereiding deur die onderwyser**

- Die onderwyser kies 'n toeriste attraksie wat verband hou met die kurrikulum van die graad.
- Die onderwyser besoek die attraksie vooraf (indien moontlik) om inligting te verkry.
- Die onderwyser verduidelik toepaslike konsepte aan leerders as agtergrondkennis
- Die onderwyser lig sekere aspekte uit waaraan leerders moet aandag gee en notas neem gedurende die besoek.
- Die onderwyser bespreek verantwoordelike toeriste gedrag vir die besoek.
- Die onderwyser ontwikkel 'n werkaart vir die besoek.
- Die onderwyser bespreek wat van leerders verwag word gedurende die besoek.
- Die onderwyser verduidelik die opdrag wat na afloop van die besoek gedoen moet word, en die assessering.

#### **Gedurende die besoek moet leerders**

- aandagtig luister na die gids en notas neem;
- toepaslike vrae vra, en
- hulle soos verantwoordelike toeriste gedra.

**Na die besoek:** Leerders voltooi opdrag.

#### **4.4.2 Toetse**

- 'n Formele assesseringstoets moenie uit 'n reeks klein toetsies bestaan nie, maar moet 'n aansienlike hoeveelheid inhoud dek en moet 45 tot 60 minute duur.
- Oopboek toetse moenie net uit kort vrae bestaan nie. Daar word van leerders verwag om langer reflektiewe antwoorde te skryf, soos paragraaf antwoorde op 'n gegewe stelling. Paragraawe wat redes en argumente verskaf is noodsaaklik.
- Elke projek, uitstappie opdrag, toets, oopboek toets en eksamen moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en moet ook voorsiening maak vir paragraaf-tipe antwoorde.

Kognitiewe vlakke	Persentasie
Laer orde: onthou	30
Middel orde: begrip en toepassing	50
Hoër orde: analiseer, evalueer en skep	20

#### 4.4.3 Eksamens

##### Eksterne eksamen in Graad 12

In Graad 12, bestaan die drie-uur einde-van-die-jaar eksamen in Toerisme uit 50% van die leerder se totale 400 punte. Die vereistes vir die eksterne eksamenvraestel word hieronder aangedui.

Inhoud		10	11	12
Afdeling A	Kort vrae (alle onderwerpe)	40	40	40
Afdeling B	Kaartwerk en toerbeplanning; buitelandse valutaverhandeling	30	20	50
Afdeling C	Toerisme attraksies; kulturele en erfenis toerisme; bemarking	50	50	50
Afdeling D	Toerisme sektore; volhoubare en verantwoordelike toerisme	50	50	30
Afdeling E	Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme; kommunikasie en kliëntediens	30	40	30
<b>TOTAAL</b>		<b>200</b>	<b>200</b>	<b>200</b>

Slegs Graad 12 inhoud sal geassesseer word. Voorkennis van Graad 10 en 11 kan egter nodig wees om van die vrae te interpreteer en te beantwoord.

#### 4.4.4 Praktiese assesseringstaak (PAT)



- As gevolg van die praktiese aard van die vak Toerisme, moet leerders ook deur middel van 'n Praktiese Assesseringstaak geassesseer word.
- Die PAT vir Graad 12 word elke jaar ekstern opgestel en aan skole gestuur aan die einde van die vorige jaar.
- Provinsies en skole mag nie hierdie taak verander of oortik nie, of die taak van die vorige jaar gebruik nie.
- Bronne vir die PAT is die verantwoordelikheid van die skool.
- Die spesifieke bronne sal in elke PAT dokument gelys word, maar sal hoofsaaklik bestaan uit kaarte, tydskrifte en brosjures, en inligting wat op die internet beskikbaar is.
- Die PAT word in twee fases gedoen.
- Leerders moet fase 1 in kwartaal 2 voltooi, en fase 2 in kwartaal 3.
- Onderwysers moet elke fase formeel assesseer.
- Die Graad 12 PAT sal ekstern gemodereer word deur die betrokke vakadviseur.

#### 4.5 Rekordhouding en rapportering

Onderwysers sal

- punte aanteken vir elke taak deur gebruik te maak van 'n puntetaal; en
- op leerders se rapporte verslag doen oor persentasie in die vak.

#### 4.6 Bevordering

Vir bevordering en sertifisering moet leerders ten minste vlak 2- (elementêre prestasie: 30 - 39%) in Toerisme behaal. Dit is onderhewig aan die vereiste dat n leerder vlak 3- (gemiddelde prestasie: 40 - 49%) in ten minste een van die drie keusevakke moet behaal

#### 4.7 Moderering van assessering

- Graad 10 en 11 take word intern gemodereer. Die vakadviseur moet egter 'n paar van hierdie take gedurende sy / haar skoolbesoek modereer, om die standaard van die interne moderering te verifieer.
- Graad 12 take moet ekstern gemodereer word. Hierdie proses sal bestuur word deur die provinsie.

#### 4.8 Algemeen

Hierdie dokument moet saam met die volgende dokumente gelees word:

**4.8.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.8.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*





